# Hoofstuk van die dag: Jesaja 56

> *So sê die Here: Laat reg geskied, doen reg, want die verlossing wat Ek bring, is al aan die kom, en die redding wat Ek bewerk, gaan nou geopenbaar word. (vers 1)*

In Jesaja 56 – 66 tref ons die volk van God in nuwe

omstandighede aan. Hulle het nou die verlossingspad van Jesaja 40 – 55 geloop en is terug in die beloofde land. Maar in Jerusalem is toestande haglik. Die volk kry steeds swaar en hulle entoesiasme vir God en sy woord verflou. Hulle het steeds nie geleer dat lyding en 'n dienskneggestalte die manier is waardeur God met hulle en sy wêreld sy doel bereik nie. So bevind hulle hulle in 'n nuwe doodloopstraat van sonde en afvalligheid. Maar God is nog nie klaar met hulle nie. Jesaja 56 – 66 sê God is steeds met hulle op pad, op pad na sy eindbestemming toe, op pad na die nuwe hemel en nuwe aarde toe.
Die eerste ding wat God vir sy bevryde volk sê, is: Laat reg geskied. Doen wat God beveel (vers 2). Almal wat dit doen, ook die nie-Israeliete wat by hulle aansluit en selfs die ontmandes wat voorheen uitgesluit is (Deut 23:1).
As God jou bevry, mag jy nie dieselfde bly nie!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026